8/95

CG SAAKNOMMER: 589/93

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(APPèLAFDELING)**

In die saak van:

**PETRUS HENDRIK HOLTZHAUSEN** Eerste Appellant

**ANTOINETTE VAN WYK** Tweede Appellant

**FRANS J VAN WYK** Derde Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

CORAM: **SMALBERGER, NESTADT et VAN DEN HEEVER ARR**

AANGEHOOR: **28 FEBRUARIE 1995**

GELEWER: **9 MAART 1995**

---

**UITSPRAAK**

**VAN DEN HEEVER AR**

Die eerste twee appellante is broer en suster. Tweede appellant was toe die misdade gepleeg is waarop al drie tereggestaan het, met derde appellant getroud. Hulle is voor die verhoor plaasgevind het egter al geskei. Al drie is naamlik aangekla van roof met verswarende omstandighede, en van moord. Die aanklagtes spruit uit 'n aaneenlopende reeks gebeure op 19 Junie 1992 toe mnr J W Whitemore in sy woonstel op Kroonstad aangeval en beroof is, en later gesterf het. Die verhoorhof het die broer en suster op die eerste aanklag skuldig bevind soos aangekla, en derde appellant aan begunstiging by roof met verswarende omstandighede. Op die moordklag is eerste en tweede appellant skuldig bevind aan poging tot moord, en derde aan begunstiging by die poging. Die vonnisse aan hulle opgelê, was -

Eerste appellant: 12 jaar gevangenisstraf op die roofaanklag, waarmee 7 van die 10 jaar opgelê vir die poging tot moord moet saamloop - dus effektief 15 jaar gevangenisstraf;

Tweede appellant: 12 jaar vir die roof, waarmee 5 van die 10 jaar

opgelê vir die poging tot moord moet saamloop - dus effektief 17 jaar gevangenisstraf;

Derde appellant: 5 jaar t.o.v. die eerste skuldigbevinding, waarmee helfte van die 3 jaar op die tweede opgelê, moet saamloop - dus effektief 6½ jaar gevangenisstraf.

Al drie kom met verlof van die verhoorhof in hoër beroep slegs teen hierdie vonnisse. Geriefshalwe verwys ek in wat volg na die drie op hul voorname: Petrus, die broer, gebore op 15 Julie 1974; Antoinette, die suster, gebore op 29 Junie 1970; en haar gewese man Frans, gebore op 13 Julie 1965.

Elkeen het na arrestasie 'n verklaring voor 'n landdros afgelê; en in die landdroshof skuldig gepleit op beide klagte. Na ondervraging ingevolge a 112(1)(b) van die Strafproseswet is 'n pleit van onskuldig op beide aanklagte ten opsigte van elkeen genotuleer. By die verhoor het al drie getuig. Hulle praatjies het nie konsekwent gebly in die besonderhede van hul weergawes van wat gebeur het nie. Die tersaaklike

gebeure wat gemene saak is of deur die verhoorhof aanvaar is as die mins beswarende ten opsigte van die betrokke aangeklaagde, kan as volg opgesom word.

Die huwelik tussen Antoinette en Frans, op 14 Julie 1989, was gedwonge. Die kindjie gebore is deur Volkswelsyn in pleegsorg laat plaas en is mettertyd deur die pleegouers aangeneem. Die huwelik is gekenmerk deur twis, onbesonnenheid en finansiële gebrek. Toe Petrus op 10 Junie by die egpaar in Welkom kom kuier het voordat hy weermag toe sou gaan om diensplig te verrig, het staking van water-toevoer en elektrisiteitsvoorsiening hulle in die gesig gestaar tensy die rekening van ongeveer R100 onmiddellik betaal word. Frans het R100 van sy werkgewer geleen, maar 'n video-speletjie en drank gekoop. Daar is besluit dat Antoinette sou gaan na mnr Whitemore op Kroonstad en geld by hom probeer leen. Whitemore was 'n alleenloper, 'n afgetrede geskeide onderwyser. Sy het hom leer ken toe sy vroeër in Kroonstad by die Emilio Hotel gewerk het, waar Whitemore gereeld gedrink het.

Daar het hy in die verlede vir haar geld geleen en na haar probleme geluister, en nie sy vriendskap weerhou nie ondanks die feit dat sy eendag sonder toestemming met sy kar vort is waarin daar duur kameras ook was. Die episode het vir Antoinette skuldigbevindings besorg, van oortreding van a 1(1) van Wet 56 van 1956, en diefstal, ten opsigte waarvan oplegging van vonnis uitgestel is. Op Woensdag, 17 Junie het Antoinette toe geryloop na Kroonstad. Hoewel sy aangedoen het by Whitemore se woonstel, moes sy onverrigte sake huistoe omdat Whitemore betrokke was by ander mense. Volgens haar, het hy haar gevra om Vrydag weer te kom.

In die lig van daardie versoek, was die getuienis van Petrus en Antoinette, aangaande die rede waarom hulle op Vrydag saam na Kroonstad geryloop het, nie besonder oortuigend nie, naamlik dat dit hulle moeder se verjaarsdag is en hulle haar wou gaan gelukwens. Voor hulle vertrek is in die loop van 'n gesprek tussen die drie gesê dat, om hul geldnood te verlig, Whitemore ontvoer moes word en hy, sy motor

en sy tjekboek na die van Wyk woning gebring word. Frans se afskeidsgroet toe sy vrou en swaer daar weg is, was juis (hy beweer, skertsend) dat hulle nie die motor en die tjekboek moes vergeet nie.

Volgens Frans is hy daarna na sy werk. Toe hy om ongeveer 21h00 terugkom was Petrus en Antoinette nie daar nie. Hy is hotel toe waar hy ongeveer R30 uitgedrink (of -gedrink en -gedobbel) het. Volgens hom het hy later in 'n beskonke toestand tuis op die rusbank aan die slaap geraak.

Toe hulle na Kroonstad is, was Petrus en Antoinette van voorneme om Whitemore te ontvoer en beroof. Volgens hulle was geen detail bespreek nie. Hulle is nadat hulle aangedoen het by hul moeder by haar werk, na Whitemore se woonstel. Hy was nie bereid om aan Antoinette geld te leen nie - sy erken, omdat hy uit ondervinding nie sou verwag dat dit terugbetaal word nie - maar het hulle genooi om saam met hom te gaan drink, eers by een hotel en toe 'n ander. Toe Antoinette hom teen skemer vra om haar en Petrus terug te neem na Welkom, was Whitemore

duidelik versigtig: sy vriend Louis moes saam, en dié het weer sy vrou en kinders saamgenooi. Toe hulle voor dooiemansdeur in Welkom aanland, het Antoinette gelieg dat Frans na Kroonstad is op soek na hulle. Broer en suster is toe saam terug na Kroonstad, waar Louis en sy gesin afgelaai is en Whitemore en die twee verder by die hotel gaan drink het. Hulle is later op uitnodiging saam met hom na sy woonstel. Daar het hulle verder gedrink. In opdrag van Antoinette het Petrus die niksvermoedende Whitemore eers met 'n bierbottel oor die kop en toe hy protesteer met 'n leë drankbottel ook oor die kop geslaan. Petrus het 'n kussing vasgedruk teen sy gesig en Antoinette het op sy maag gesit totdat Whitemore ophou worstel het. Hulle het gemeen dat hy dood is. Hulle het toe waardevolle artikels soos 'n kykkas en videomasjien, hoëtroustel met laserskyfspeler, laserskywe, plate en kassette, gholfstokke met sak, koordlose telefoon, kameras en 'n goue muurhorlosie, in Whitemore se kar gaan laai. Nadat Antoinette geld uit Whitemore se broeksak verwyder het en hy self, toegewikkel in 'n kombers, op die

agterste sitplek geplaas is, is die twee met Whitemore en sy besittings in sy kar terug na Welkom.

Daar aangekom is Frans wakkergemaak. Toe hy by die kar kom, het hy Whitemore geklap - volgens hom, om te kyk of hy "nie wakker word nie". Frans trek toe die kar vanaf die oprit tot in die agterplaas. Hy het Whitemore uit die kar geruk en hom op die grond laat val waar hy hom geskop en geslaan het. Inmiddels het Petrus en Antoinette hul buit die woning ingedra. Daarna is Whitemore weereens op die agtersitplek van sy kar ingelaai en die drietal het na Odendaalsrus gery. Frans se getuienis dat sy optrede daarop gemik was om sy swaer en veral sy vrou te help, is deur die verhoorhof aanvaar redelik moontlik waar te kan wees, ondanks gebreke daarin. Op pad is Whitemore, op versoek van Petrus wat tot op daardie stadium op hom moes sit op die agterste sitplek, in die kattebak oorgelaai. Die besonderhede van hul reis daarna is nie belangrik nie, behalwe dat in die loop daarvan beide Petrus en Frans nie geskroom het om artikels van Whitemore se liggaam te

verwyder nie, en nie een van hulle geskroom het om baat te trek uit Whitemore se bankrekening nie. Hulle drie is na Bloemfontein met die vermeende lyk in die kattebak. Padlangs is petrol, en dáár klere vir al drie, en ook drank, deur middel van Whitemore se tjekboek onder bewind van Antoinette aangeskaf. Hulle is terug na Welkom waar hulle op dieselfde wyse kruideniersware aangekoop het, waarna hulle uitmekaar is. Petrus is terug na Kroonstad. Die egpaar is vort op 'n besigtigingstoer na Sun City maar het padlangs die lyk onder 'n boom neergegooi, is toe via Johannesburg na Durban, waarna hulle teruggekeer het na Welkom. Antoinette was besig om van Whitemore se besittings te verpand toe sy op Maandag, 23 Junie gearresteer is. Daarna het die arrestasie van die ander twee gevolg.

Petrus en Antoinette was oortuig dat Whitemore reeds dood was toe hulle sy "lyk" uit sy woonstel verwyder. Volgens die mediese getuienis is Whitemore dood as gevolg van massale breinbloeding. Die dood sou lank nadat hy bewusteloos geword het, ingetree het, te oordeel

aan beide die grootte van die breinbloeding en die hoeveelheid bloed wat nog in die kattebak van Whitemore se kar gevloei het en gevind is. Presies hoé lank kon nie bepaal word nie. Daar kon dus nie met sekerheid gesê word nie of die oorsaak van sy dood die houe was wat Petrus op Antoinette se bevel in Whitemore se woonstel aan hom toegedien het, of die latere houe en skoppe wat Frans toegedien het aan wat hy ook gemeen het 'n lyk was. Vandaar die skuldigbevinding van slegs poging tot moord, waarby die verhoorhof *dolus eventualis* as opsetvorm bewese bevind het. Die mediese getuienis toon ook dat Whitemore maar 'n tingerige, ondervoede man was, klaarblyklik met 'n drankprobleem en wat toe hy dood is baie dronk was. 'n Monster van die lyk getrek het getoon dat die konsentrasie alkohol 0.33 gram per 100 milliliter bloed was.

Petrus en Frans was eerste oortreders. Antoinette het die vorige veroordeling erken, op 16 Maart 1992 opgeloop, wat gespruit het uit haar vorige optrede teenoor Whitemore - dus pas drie maande voor die

onderhawige vergrype.

Groot moeite is gedoen om aan die verhoorhof omvattende inligting voor te lê vir doeleindes van vonnisbepaling. Al drie appellante het getuig, en welsynsverslae is voorgelê, waarby ook sielkundige evaluasies aangeheg is. Die huidige appèl gaan slegs daaroor, dat die gevangenistermyne wat bepaal is, skokkend onvanpas sou wees vanweë die lengte daarvan.

Al drie het getuig van berou. In die lig van hul optrede nadat hulle gemeen het dat Whitemore dood is, kan dit slegs krokodiltrane wees vir die penarie waarin hulle hulle laat beland het.

Die verslag ten opsigte van Petrus toon dat hy 'n probleemkind uit 'n probleem-huishouding is. Hy het vroeg begin rook, drink, steel en stokkiesdraai. Sy moeder het vanweë sy onbeheerbaarheid dikwels gevra dat hy uit sy ouers se sorg verwyder word, maar sodra aan haar versoek voldoen wil word, het sy weer daarop aangedring dat enige vorm van inmenging gestaak word en het sy alle samewerking geweier. Daar is 'n

suggestie van 'n ongesonde verhouding met 'n Katolieke priester vir wie Petrus uitgebuit het, soos hy ander ook probeer manipuleer. Evaluasie deur 'n kliniese sielkundige het gelei tot die gevolgtrekking dat hy gemiddeld intelligent is; emosionele- en moontlik ook aanpassingsprobleme toon; nog as onvolwasse bestempel kan word wat sy morele ontwikkeling betref; maar desnieteenstaande verantwoordelikheid aanvaar vir sy aandeel in die pleeg van die misdade.

Antoinette kom uit dieselfde agtergrond. Sy het teenoor die maatskaplike werkster bevestig dat Whitemore 'n goeie vriend van haar was. "Hy het dikwels aan haar geld geleen en wou dit nooit neem indien sy dit aan hom wou teruggee nie. Sy beskou hom as 'n soort vaderfiguur en ontken dat hul verhouding op enige stadium intiem of die van verliefdes was." Soos haar broer, het sy vroeg begin rook en drink, stokkies gedraai, maar verder gegaan as hy: sy het nog as bogkind gedreig om gesinslede met haar vader se .22, op hulle gerig, te skiet; en is in standerd 7 uit die skool geskors vanweë "haar betrokkenheid by

misdaad". Evaluasie deur 'n kliniese sielkundige het tot soortgelyke gevolgtrekkings gelei as waartoe geraak is ten opsigte van haar broer, behalwe dat sy ietwat meer intelligent as hy en heelwat meer intelligent as Frans is; en dat dit voorkom asof sy nie volle verantwoordelikheid vir die pleeg van die misdaad aanvaar nie. Laasgenoemde gevolgtrekking is miskien te gunstig, in ag genome haar antwoord op die vraag, hoe sy dit kon regkry om teenoor juis haar vriend en vertroueling op te tree soos wat sy gedoen het: "Wel, ek het, ons het geld nodig gehad."

Frans het nie probleme as kind gehad of gegee nie, behalwe dat hy weens beperkte verstandelike vermoëns 'n spesiale skool moes bywoon. Hy is egter maklik beïnvloedbaar, en sedert hy skool verlaat het, het hy dikwels uit sy werk bedank en was hy vir rukke aangewese op sy ouers vir onderhoud, en het ook dagga gerook en met tye hom aan drank vergryp. Van die drie het hy die laagste intelligensie maar is emosioneel en moreel dalk beter aangepas as die ander twee, en het die mees aanvaarbare tekens van berou getoon.

Dit is al male sonder tal beklemtoon dat die bepaling van 'n gepaste vonnis binne die diskresie van die verhoorhof val. Wat betref Antoinette en Frans is daar nie gewys op enige misvatting deur die verhoorregter nie.

In haar geval is wel betoog ondermeer dat die verhoorhof behoort te aanvaar het wat sy voorgegee het, dat sy uit vrees vir Frans opgetree het ter uitvoering van wat sy beskou het as sy opdrag aan haar: om Whitemore te ontvoer en met kar en tjekboek na hom te bring. Daar is geen meriete in die voorstel nie. Sy het nie enige sulke vrees genoem in haar verklaring aan die landdros of toe sy in die landdroshof gepleit het nie. Hoewel dit gemene saak is dat Frans haar wel met geleentheid aangerand het, vertel hy dat dit was omdat en wanneer sy hom getart het. Sy erken dat sy hom heelpartykeer in die verlede verlaat het en dan aan hom ontrou was; en in haar weergawe van hoe sy, toe hulle twee juis weer uitmekaar was, Whitemore se voertuig met die vorige geleentheid geneem het, waarna sy en Frans versoen is, is daar geen ruimte daarvoor

dat vrees vir Frans die beweegrede van haar oortredings was nie. Dit was ook sy wat deurentyd in hul rondreise ná die oortredings in beheer van die tjekboek en besluite aangaande die gebruik of eerder misbruik daarvan, was; en sy wat stappe geneem het om Whitemore se geroofde bates te gaan verpand. Inderdaad is daar geen sprake van werklike versagtende omstandighede nie. Die verhoorhof noem dat sy betreklik jonk is, en drank ingehad het; maar haar drankinname was 'n doelbewuste deel van vooruitbeplande uitbuiting van haar weldoener se swakheid.

Die verswarende omstandighede is legio en spreek vir sigself uit die opsomming van gebeure hierbo geskets. Belangrikste is dat dit sy is wat die leiding geneem het en verraderlik die geleentheid geskep het om haar weldoener weerloos te maak sodat hy in sy eie tuiste met geweld en 'n oormag oorval kon word. Met geweld is genadeloos volgehou totdat hy bewusteloos - sy het gemeen, dood - was. In die proses van leiding neem, het sy haar jonger broer saam met haar die sonde in gelei. Die

optrede was ook beplan en nie iets wat op die ingewing van die oomblik ontstaan het nie. En die wyse waarop met Whitemore se liggaam en mettertyd lyk daarna gehandel is, spreek van 'n verbysterende gevoelloosheid. Daar is geen gronde waarop hierdie hof met die vonnisse aan haar opgelê kan inmeng nie.

Wat Frans betref, het die verhoorhof na my mening geensins gefouteer in sy bepaling van 'n gepaste straf, of enige tersaaklike faktor of faktore verbygekyk nie. Die plan om Whitemore te beroof het by hom sy oorsprong gehad, in die sin dat dit volgens Petrus en Antoinette sy idee was om haar na Whitemore te stuur om te probeer geld by hom leen; wat Frans nie ontken het nie. Onder daardie omstandighede is sy aanranding op wat hy beweer hy aanvaar het 'n lyk was, met gepaardgaande beskuldiging dat Whitemore met Antoinette sou omgang gehad het, verregaande. Frans het ook ruim gedeel in die buit, en self 'n ring van die dooie man se vinger verwyder om aan syne te sit. Dit maak 'n klug van sy aanspraak op deug - sensitiwiteit of respek vir die

dooie - omdat hy Antoinette sou gekeer het toe sy volgens hom die lyk wou verbrand.

Petrus se geval is egter anders. Die verhoorhof het aan hom dieselfde vonnisse opgelê as aan sy suster, wat nie geregverdig was nie. Hy was nog 'n jeugdige, hoewel na aan sy 18de verjaarsdag. Antoinette het sonder twyfel die leiding gegee, soos reeds uitgewys, in die duiwelsdade van daardie dag en die dae wat daarop gevolg het; waarvan Petrus hom in elk geval betreklik vroeg gedistansieer het. Daar sal onthou word dat hy terug is na Kroonstad nadat hulle van Bloemfontein teruggekeer het en Frans die begeerte om Sun City te gaan besigtig, uitgespreek het. Petrus het ook maar min van die onmiddellike buit gekry, verreweg die meeste van die items het die van Wyks vir hulle gehou. Hoewel hy erken dat dit hy is wat die fisiese aanval op Whitemore geloods het, was dit aldus geloods eers toe Antoinette die teken daarvoor gegee het. En hy het nie, soos Antoinette, 'n vorige veroordeling vir oneerlikheid wat haar roof vererger nie, of die

persoonlike verhouding met Whitemore as weldoener gehad wat haar poging om hom te vermoor soveel meer gruwelik maak. Mnr Visser, wat namens die Staat voor ons opgetree het, het heel billik en korrek toegegee dat daar 'n verskil in Petrus se guns getrek moes gewees het tussen die erns waarmee die gereg Antoinette se oortredings bejeen, en syne.

Inagnemend sy geringer aandeel aan wat steeds erg laakbare dade was, en die ander faktore pas genoem, meen ek dat die vonnisse meer ewewigtig sou wees indien syne verminder word soos in die bevel hierna uitgestip, en in sy geval ook rekenskap gehou word met die kumulatiewe effek van die twee; wat dan ook die verskil in morele verwytbaarheid tussen hom en sy suster beter weerspieël as wat die vonnis soos deur die verhoorhof opgelê dit doen.

1. Die appèl van tweede en derde appellante teen die vonnisse aan hulle opgelê, word van die hand gewys.

2. Die appèl van eerste appellant teen die vonnis aan hom opgelê

slaag in der mate dat dit vervang word deur die volgende:

> "Op die eerste aanklag, van roof met verswarende omstandighede, word beskuldigde gevonnis tot 9 jaar gevangenisstraf. Op die tweede aanklag, van poging tot moord, word beskuldigde gevonnis tot 7 jaar gevangenisstraf. Dit word gelas dat 4 jaar van die vonnis op die tweede aanklag samelopend sal wees met die vonnis op die eerste - d.w.s. 'n effektiewe vonnis van 12 jaar vangenisstraf."

L VAN DEN HEEVER

STEM SAAM:

SMALBERGER AR)
NESTADT AR)